

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



NOVEMBER
2018

DIE VIERING van passie, doelwitte & vordering

Daar is 'n ou Afrika spreekwoord wat sê dat om iets self te sien, anders is as wat dit aan jou vertel word. Die boere wat genomineer is in die verskillende kategorieë, het almal raad aanvaar van hulle mentors aan boord, maar toe hulle die resultate van hul arbeid sien, het hulle geweet dat harde werk altyd beloon word.

Groei saam

Op 26 September het NAMPO Park gebruik van opgewondenheid en boere in kleurvolle tradisionele drag op die tiende Dag van Vieringe, wat vir die eerste keer by hierdie plek net buite Bothaville in die hart van die Vrystaat aangebied is. Dit was duidelik dat landbou in Suid-Afrika lewendig en goed was, te danke aan die Graan SA Boereontwikkelingsprogram.

Toe Graan SA besluit het om boere te help om deur hierdie program beter boere te word, het die aantal Suid-Afrikaanse boere begin toeneem. Soos Jannie de Villiers, uitvoerende hoof van Graan SA, tydens hierdie spesiale vieringe verduidelik het: "Ons boer nie vir boere nie. Ons help boere om vir hulself te boer en by hierdie geleentheid vier ons nie 'n oes van mielies nie, maar 'n oes van boere."

Hy is baie trots op die span wat betrokke is by die program en wat instrumenteel was in die toevoeging van 29 opkomende boere aan die lys boere wat die afgelope seisoen koring van kommersiële gehalte geproduseer het. 21 Boere het by die 250 Ton Klub aangesluit, drie nuwe lede het by die 500 Ton en 1 000 Ton Klub elk aangesluit. Twee boere het trotse verteenwoordigers van die 1 500 Ton Klub geword.

Van mentees tot winners

Die Dag van Vieringe is in 2009 deur Graan SA begin om erkenning aan boere te gee vir die



OUMA JANE SÊ...

Die plantseisoen het in alle erns begin en ek is seker dat jy amper te besig is om die Pula te lees! Hoe geseënd is jy om in 'n posisie te wees om kos vir jou familie en jou land te produseer.

Ons het ons Dag van Feesvieringe gehad die einde van September en wat 'n wonderlike geleentheid was dit om erkenning te gee aan die wat so baie bereik het op verskillende vlakke. Niemand is te klein of te groot om sukses te behaal nie – dit is binne ons almal om ons talente na die beste van ons vermoë te gebruik.

Die somergewasse wat jy nou aanplant, is baie sensitief vir onkruidkompetisie. Ons sê dit elke jaar, maar ek glo dat ons dit weer moet sê – onkruid is ons vyand. As jy die onkruid op jou lande beheer, is die moontlikheid groot dat jy 'n goeie oes sal afhaal – moenie die onkruid toelaat om die kos te eet en die water te drink wat jy beplan het om vir jou gewas te gee nie.

Ek hoop dat jy hierdie jaar sal kyk na ander maniere om jou inkomste op jou grond te verhoog. Wat het jy, of wat kan jy aanbied aan die plaaslike (en nasionale) mark? Mielies is 'n goeie gewas om te verbou, maar ons moet daaraan dink om ook ander gewasse te verbou in rotasie met mielies. Dit is so belangrik om die mark te ken – as jy in die afgeleë landelike gebiede is sonder toegang tot goeie markte – wat koop jou bure wat jy dalk aan hulle kan voorsien? Droëbone is altyd 'n goeie opsie, omdat hulle plaaslik bekend en 'n uitstekende bron van proteïen is.

Lewendehawe is belangrik vir boere – hulle kan jou help om jou besigheid te stabiliseer, so dat jy nie so sensitief vir weersomstandighede hoef te wees nie. Selfs baie klein boere, julle kan pluimvee en kleinvee aanhou aan wie julle die surplus mielies kan voer (nou dat julle so goed produseer). Deur mielies aan jou lewendehawe te voer, sal jy hulle produksie verhoog en ook in staat wees om hulle aan jou bure te verkoop.

Boere is ook besigheidsmense – om gewasse te verbou, is die eerste stap, maar dit is net die begin van 'n lang pad. Wat kan jy verbou om meer geld te maak en aan wie beplan jy om te verkoop wat jy verbou?

Ek wens jou 'n goeie seisoen toe met groot beloning op jou harde werk en deursettingsvermoë – wees geseënd!





Die viering van passie, doelwitte & vordering

harde werk wat hulle dwarsdeur die jaar gedoen het. Of die jaar moeilik was met lae opbrengste wat behaal is, of 'n goeie reënseisoen wat hoë opbrengste aangeteken het, die vieringe vind plaas.

'n Emosionele Jenette Thembi Shoba (59) is aangekondig as die **2018 Graan SA/Absa Bestaansboer van die Jaar**. Sy boer tussen Ermelo en Piet Retief in die Mpumalanga-area. Haar belangstelling in landbou het op die plaas ontwikkel waar haar ouers plaaswerkers was. Jenette het in 2014 by Graan SA aangesluit en woon 'n studiegroep by waar sy ontdek hoe om 'n meer vaardige boer te word. Alhoewel hierdie vasbeslote ouma in 'n voertuigongeluk beseer is, het sy daarin geslaag om 7,5 ton mielies op 1 ha te produseer. Die ander finaliste in dié kategorie was Amos Mfaniseni Kubheka van Mpumalanga en Siyavuya Njeya van die Oos-Kaap.

Vir 2018 was daar net twee finaliste in die kategorie, **Graan SA/Syngenta Kleinboer van die Jaar** – Mduzuzi David Mnisi van Mpumalanga en Nhlanhla Sicelo Mngadi van KwaZulu-Natal. Die toekenning is aan Nhlanhla (48) gegee wat in 2015 by Graan SA aangesluit het, nadat hy die sukses van sy buurman gesien het as gevolg van Graan SA se mentorskap. Nhlanhla pas toe wat hy leer en werk stadig daartoe om 'n kommersiële produsent te word. Die verbetering in die veld en in sy landboupraktike het die beoordelaars beïndruk.

'n Nuwe kategorie, **Graan SA/Monsanto Potensiële Komersiële Boer van die Jaar**, is verlede jaar bekendgestel. Die 2018 wenner van hierdie kategorie, Paulus Mosia (50), kom van die Vrystaat en het in 2008 by die Graan SA Boereontwikkelingsprogram aangesluit. Hy is ook 'n aktiewe lid van die Edenville studiegroep en was instrumenteel aktief om 'n nuwe studiegroep in Heilbron van die grond af te kry. Paulus en sy vrou, Nomasonto, sê hul sukses sou nie moontlik gewees het sonder die Boereontwikkelingsprogram nie. Die broers Anton en President Mabaso, wat saam in die Bothaville distrik boer, was die ander finaliste in hierdie kategorie.

Die **2018 Graan SA/Absa/John Deere Finansiële Nuwe Era Komersiële Boer van die Jaar** is aan Jeremia Makhosini Mathebula (40) van Mpumalanga toegeken. Sy prys het 'n splinternuwe trekker ingesluit. Sy boerdery-loopbaan het in 2009 begin toe hy net 40 ha bewerkbare grond geplant het waarop hy ongeveer 4 t/ha mielies behaal het. Oor die afgelope vier jaar het sy mielieopbrengs met 75% gestyg. Hy plant tans 'n totaal van 450 ha mielies en 100 ha sojabone en bestuur meer as



Die viering van passie, doelwitte & vordering

400 teelkoeie. Die ander finaliste in dié kategorie wat elk 'n tjek van R25 000 ontvang het en 'n horlosie van die borge, is Thamsanqa Sampie Booizene van die Noordwes Provinsie en Daniel Maqala van die Vrystaat.

Die mense wat dit moontlik gemaak het

Die borge wat hierdie wonderlike geleentheid moontlik gemaak het, is verteenwoordig deur Belinda Jacobs (Aktiverings Bemerkingsbestuurder: Absa AgriBesigheid), Antois van der Westhuizen (Besturende Direkteur: John Deere Financial Sub-Sahara Afrika), Andrea Boon (Hoof: Tegnies, Syngenta SA) en Dudu Mashile (Saadverkope Bestuurder, Bayer).

Jane McPherson (Bestuurder: Boereontwikkeling, Graan SA) het die vriende van die program bedank wat die program ondersteun om sy voortbestaan te verseker. In haar toespraak het sy gesê: Baie mense verloor hoop, maar 'n dag soos vandag gee hoop."

'n Nuwe seisoen beteken 'n nuwe wenner

Dit is duidelik dat die genomineerdes die advies van hul mentors toegepas het. Volgens 'n spreekwoord in Wes-Afrika is die antwoord op sukses te vind in luister en nie in praai. 'n Voël wat baie praat sal nie 'n nes bou nie! Alhoewel daar slegs een wenner per jaar in elke kategorie kan wees, sal enige vordering in jou eie boerdery jou laat voel soos 'n wenner. Onthou, dit maak nie saak hoeveel foute jy maak of hoe stadig jou vordering is nie, jy is steeds almal voor wat nie eens probeer nie. Sien jou op die 2019 Dag van Vieringe!



Artikel verskaf deur Louise Kunz, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na louise@infoworks.biz.



Is jy 'n UITSTAANDE LEIER?

Deesdae is dit algemeen om te lees en te hoor van besighede, regeringsinstellings, organisasies en ander wat nie so goed presteer as wat hulle moet nie, of selfs misluk. Baie keer is die rede vir hierdie swak prestasie 'n gebrek aan leierskap.

'n Leier, of in besigheidsterme 'n bestuurder, is 'n persoon wat sy besigheid moet bestuur, wat behels om te beplan, te organiseer, te implementeer en te beheer. 'n Bestuurder moet egter ook mense wat sy/haar werknemers is, lei om te bereik wat beplan, georganiseer, geïmplementeer en beheer is. 'n Uitstaande leier is dus 'n persoon wat daarin slaag om ander se gedrag te rig op die bereiking van sekere doelwitte, dit wil sê om planne in werklikheid om te skakel, sodat die doelwitte van die besigheid bereik kan word, soos om wins te maak.

Leiding behels elemente soos om mense te beïnvloed, bevele te gee, mense te motiveer, óf as individue of in groepe, konflikbestuur en met hulle te kommunikeer.

Hoe word jy 'n bestuurder? Jy word bestuurder en dus 'n leier van mense wanneer jy in 'n sekere pos in 'n besigheid aangestel word, of jy word gekies deur 'n groep mense, byvoorbeeld 'n klub of werkgroep, of jy begin jou eie besigheid en is dan *ipso*

factum ook die bestuurder, of jy kan 'n vrywillige leier wees, soos om die hoof van jou gesin te wees.

As eienaar is jy in 'n posisie van gesag om te bestuur en te lei, omdat jy die eienaar van die besigheid is. Dit stel jou in 'n posisie van mag en jy mag van jou werknemers verwag om jou te respekteer, maar respek word verdien deur dit wat jy doen of nie doen nie. Wanneer mense jou gedrag as positief beskou, sal hulle jou respekteer en vertrou en jou toelaat om hulle te lei. Onthou, mense neem die gedrag van 'n bestuurder waar, of enigiemand wat in gesagsposisie is, meer as wat jy kan dink.

“Die keuse is joune – gaan jy by die massas aansluit of gaan jy die uitstaande leier wees?”

Om mense te bestuur en sodoende te lei, gee jou mag en wanneer mense lei, kan hierdie mag gebruik of misbruik word. Jy kan jou mag gebruik om mense te lei deur hulle te dreig – “Ek sal jou afdank” – maar dan lei jy nie mense nie, jy jaag hulle voor jou uit.

Hulle doen wat jy wil hê uit vrees, hulle volg jou nie. Die gevolg hiervan is altyd dat mense jou op 'n stadium in die steek sal laat.

Die omgekeerde is ook waar, jy kan mense met 'n positiewe houding lei deur 'n voorbeeld te stel en lei omdat mense jou respekteer en vertrou. Die vraag ontstaan: “Wat kan ek doen om ander mense se respek en vertroue te verkry?”

Eerstens, soos reeds genoem, deur die voorbeeld wat jy stel. Jy is nooit laat vir 'n afspraak nie, jy hou jou beloftes, wat van “ek gaan jou terug bel?”

Is die voorbeeld wat jy stel van hoë etiese standaarde, of nie? Jy sal ook die respek en vertroue van mense verkry deur alle mense met respek en eerlikheid onder alle omstandighede te behandel.

Onmisbare algemene eienskappe vir goeie leierskap is byvoorbeeld kommunikasie, moed, visie, maar die belangrikste kenmerk is integriteit. Positiewe leierskap is op integriteit gebou.

In geleerde terme word integriteit beskryf as die vermoë om onder alle omstandighede eerlik en moreel te staan. In meer praktiese terme kan dit beskryf word as – jou ja is jou ja en jou nee is jou nee, doen altyd die regte ding, selfs wanneer niemand kyk nie, doen wat jy sê jy sal doen, laat jou dade jou woorde volg, stel die regte voorbeeld, hou jou beloftes. Integriteit bou vertroue en het 'n hoë invloedswaarde. Integriteit is die menslike kwaliteit wat die meeste nodig is vir besigheidssukses. Integriteit lei tot 'n goeie reputasie, nie net 'n beeld nie.

Ongelukkig is integriteit en positiewe etiek aan die verdwyn in ons openbare omgewing en lei tot swak prestasie van regeringsinstellings en selfs privaat besighede. Etiek word gesien as die morele beginsels wat die gedrag van mense beïnvloed, of bepaal. Beginsels soos eerlikheid, lojaliteit, respek vir ander mense en wat aan hulle behoort, om wetsgehoorsaam te wees, verantwoordelik, regverdig, om te handel volgens wat reg is.

Goeie soliede sake-etiek (positiewe gedrag) sal op die lange duur volhoubare winste verseker. Aan die ander kant sal swak besigheidsetiek die omgekeerde doen. Ja, daar kan korttermyn voordele wees, maar oor die lang termyn sal swak besigheidsetiek tot 'n swak besigheid lei.

“In geleerde terme word integriteit beskryf as die vermoë om onder alle omstandighede eerlik en moreel te staan.”

Die keuse is joune – gaan jy by die massas aansluit of gaan jy die uitstaande leier wees? Onthou: Jou goeie naam is 'n waardevolle bate. Niemand kan dit van jou wegneem behalwe jyself nie.

'n Leier wat lei, maar niemand volg hom nie, loop net. Leierskap is nie net 'n titel nie, maar is harde werk. 

Artikel verskaf deur Marius Greyling, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na mariusg@mcgacc.co.za.



OM GEREED TE WEES, IS NIE GENOEG NIE; JY MOET VOORBEREID WEES!

Hoe gereed is jy vir daardie gevreesde oomblik wanneer jy besef die veldbrand is buite beheer en het sy eie rigting ingeslaan? Hoe goed voorberei is jou familieleden en plaaswerkers? Hoe goed toegerus is jou bure? Wie moet in kennis gestel word en waarheen gaan jy vir hulp? Dit is tyd om hierdie belangrike vrae te begin vra!

Onlangse opskrifte in ons koerante lees: **Pilanesberg Natuurreservaat brand “deur ‘n buurman aangesteek”**. ‘n Kleinboer het besluit om vullis te

verbrand. Die wind het die vuur gejaag tot in die reservaat, waar dit amper 8 000 ha beskadig het. Statistieke toon dat die meeste veldbrande die gevolg is van menslike optrede; of dit ‘n doodgedrukte sigarettstompie is (dikwels uit bewegende motors gegooi), brand van plante of vullis, of kook en die onverskillige aansteek van vure.

Veldbrande respekteer nie grense nie en is ‘n ernstige probleem. Hulle bedreig lewens, bied ‘n risiko vir eiendom, dra by tot verminderde grondvrugbaarheid en vernietig plantegroei. Hulle kan weghol noodgevalle word, wat

uiteindelik rampe word. Vuur is ‘n belangrike hulpmiddel vir die mens om verskeie redes, insluitend verwarming, kook en bestuur van landbougrond en weiveld. Brande kom ook natuurlik voor en kan aangesteek word deur weerligstrale.

Weet jy dat jy nie kan staan en kyk na ‘n veldbrand wat oor jou grond versprei nie? Jy het ‘n **wetlike verantwoordelikheid** om die vuur aan owerhede en bure te rapporteer en jy moet help om dit te beheer. Dit is hoekom ons bereid moet wees om beplande en onbeplande





brande en veldbrande met respek en oorweging te bestuur deur 'n brandbestrydingstrategie in plek te hê.

Wie moet voorberei?

Almal wat grond besit of huur, het 'n verantwoordelikheid om die brande op sy of haar grond te beheer. Die Nasionale Veld- en Bosbrand Wet bepaal dat elke eienaar op wie se grond 'n veldbrand begin, of brand en van wie se grond dit mag versprei, voorberei moet wees en op gereedheidsgrondslag moet wees.

Gereedheid vir brandbestryding

Dit vereis dat die verantwoordelike persoon die nodige toerusting, beskermende klere en opleiding vir brandbestryding het. Hierdie gereedheid moet in verhouding wees tot die risiko wat die eienaar moet bestuur. As jy dus 1 ha grond het, kan daar nie verwag word dat jy 'n groot brandweerwa moet hê wat gereed staan by 'n trekker nie, maar dit kan van jou verwag word om hand te gee met 'n rugsakspuit wat gevul is met water, of 'n brandslaner.

Dit is ook redelik om te verwag dat jy en jou plaaswerkers moet help om die vuur op jou eiendom te beheer en te verhoed dat dit buite jou grense versprei. In die geval van 'n afwesige eienaar vereis die Wet dat elke grondeienaar of huurder 'n verantwoordelike persoon moet hê om te help om 'n vuur te blus en stappe te doen om die bure en naaste amp-tenare te waarsku.

Brandstroke

Dit is waar dat brandstroke waarskynlik nie die pad van elke vuur sal stop nie. Daar is tye wanneer die wind optel en 'n vuur regoor 'n brandstrook blaas. Brandstroke stop egter baie vure en hulle bied 'n veiliger plek vir brandbestryders om saam te werk wanneer hulle brande bestry, of met teenvure werk om 'n brand te bestry.

Dit is belangrik vir grondeienaars om met hul breër gemeenskap en hul bure saam te werk. Dit is 'n grondeienaar se verantwoordelikheid om in kommunikasie met ander boere te wees wanneer die brandstrook seisoen aanbreek en wanneer almal moet brand. Die dag wat bepaal word vir brand, moet wedersyds aanvaarbaar wees.

Bure moet saamwerk om brandstroke langs gedeelde grense te brand. Hulle moet seker wees dat hulle voldoende hulp het. Dit is noodsaaklik dat die brand versigtig bestuur en beheer moet word. Leierskap op die dag is noodsaaklik. Daardie persoon moet besluit of toestande ideaal is. Indien 'n wind opkom, moet die brande gestop word en na 'n stil, windlose dag uitgestel word.

'n Grondeienaar mag nie brand waar hy of sy wil nie. Aandag moet gegee word aan die weer, die terrein en die plantegroei wanneer jy besluit hoe om die brandstrook voor te berei. Die strook moet gemaak word sodat dit wyd genoeg en lank genoeg is om 'n redelike kans te hê om 'n veldbrand te stop. Dit mag nie gronderosie veroorsaak nie en dit moet redelik vry van brandbare materiaal wees. Baie boere beplan hul stroke vroegtydig en spuit die

aangewese area met onkruidbeheer om droë materiaal te verminder en die risiko van vlam-bare onkruid en bosse te verlaag.

Brandbeskermingsverenigings

Dit is belangrik om daarop te let dat brandwetgewing en praktyke aansienlik verskil in verskillende dele van die land. Dit is dus die verantwoordelikheid van elke grondeienaar om brandprosedures in hul spesifieke streek op te stel en daaraan te voldoen. Baie gemeenskappe formaliseer hul samewerking deur 'n plaaslike Brandbeskermingsvereniging (BBV) te stig. Dit is 'n goeie stel-sel, aangesien dit verseker dat die gemeenskap 'n veldbrandbestuurstrategie in plek het en die BBV se reëls afdwingbaar is.

Aandag moet gegee word aan die weer, die terrein en die plantegroei wanneer jy besluit hoe om die brandstrook voor te berei. Die strook moet gemaak word sodat dit wyd genoeg en lank genoeg is om 'n redelike kans te hê om 'n veldbrand te stop.

Die gemeenskap kan ook voordeel trek uit vaardigheidsontwikkeling en ander hulp. Daar is beter kommunikasie tussen lede, owerhede en ander belanghebbendes.

Alhoewel sommige gebiede baie wetgewing het, is daar ander gebiede waar ander metodes van brandbeheer as toereikend beskou word, byvoorbeeld skraap van grond en ploeg, wat ander metodes is buiten brand. Indien jy 'n grondeienaar is, of huurgrond het, gebruik asseblief die tyd om 'n brandbestuurstrategie vir jouself en in jou gemeenskap te ontwikkel – liewer nou veilig as spyt agterna!

Verdere leeswerk is beskikbaar by: <http://www.daff.gov.za>.

- Gids vir brandbeskermingsverenigings vir die ontwikkeling van planne om te implementeer.
- Veldbrand voorkoming deur brandstroke. 🌧️

Artikel verskaf deur Jenny Mathews, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jenjonmat@gmail.com.

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Louw Wepenerstraat 46
1ste Vloer
Dan Pienaar
Bloemfontein
9301

► 08600 47246 ◀
► Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

HOOFREDAKTEUR

Jane McPherson

► 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel

► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks

► 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,

Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERders

Johan Kriel

Vrystaat (Ladybrand)

► 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za
► Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatso Nyambose

Jerry Mthombathi

Mpumalanga (Nelspruit)

► 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za
► Kantoor: 013 755 4575 ◀ Emelda Mogane

Jurie Mentz

Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)

► 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 907 5040 ◀ Sydwell Nkosi

Graeme Engelbrecht

KwaZulu-Natal (Dundee)

► 082 650 9315 ◀ dundee@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8069 ◀ Nkosinathi Mazibuko

Luke Collier

Oos-Kaap (Kokstad)

► 083 730 9408 ◀ goshenfarming@gmail.com
► Kantoor: 039 727 5749 ◀ Luthando Diko

Liana Stroebel

Wes-Kaap (Paarl)

► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8057 ◀ Hailey Ehrenreich

Du Toit van der Westhuizen

Noordwes (Lichtenburg)

► 082 877 6749 ◀ dutoit@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

Sinelizwi Fakade

Mithatha

► 071 519 4192 ◀ sinelizwifakade@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8077 ◀ Cwayita Mpotyi

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.

Mielievooruitsigte vir die 2018/2019 seisoen

Hierdie artikel gee 'n kort oorsig oor die 2018/2019 bemarkingseisoen vir mielies. Ons kyk eerstens na internasionale vooruitsigte en daar sien ons 'n verwagte afname in produksie met verbruik effens op.

Op die plaaslike front verwag ons dat mielieproduksie laer sal wees as die rekordoes van 2017/2018, met 'n afname in die produksie area. Geelmielie produksie hou aan om toe te neem ten koste van witmielies, as gevolg van die groot aanvraag na dierevoer.

Internasionale vooruitsigte

Globale mielieproduksie in 2018 sal met meer as 4% van verlede jaar se volume val; dit is as gevolg van kwynende oeste in verskeie lande, veral Argentinië, Brasilië en die VSA.

Verbruik het skerp gestyg van die vorige seisoen en is nou verder verhoog na die verwagte toename in industriële gebruik (stysel en biobrandstof), meestal in China. Op die handelsfront is daar 'n verwagte toename in invoere deur die Asiatiese lande. Eindvoorraad vir 2019 is hersien, dit sal die laagste in vyf jaar wees en dit is hoofsaaklik te danke aan die Oekraïne en die VSA.

Plaaslike vooruitsigte

Terugskouend op die 2017/2018 bemarkingsjaar, het mielieproduksie 'n rekord van 16,769 miljoen ton behaal, wat op 2 628 600 hektaar geplant is. Die land het op 1 Mei 2018 'n openingsvoorraad van 3,6 miljoen ton gehad.

Volgens die Nasionale Oesskattingkomitee (NOK) vir die 2018/2019 seisoen, sal die verwagte kommersiële mielieoes 13,207 miljoen ton wees; dit is 22% minder as die vorige seisoen. Die oppervlakte skatting vir mielies is 2,319 miljoen hektaar, wat 12% laer is as die vorige seisoen, terwyl die verwagte opbrengs 5,70 t/ha is.

Die oppervlakte skatting vir witmielies is 1,268 miljoen hektaar en vir geelmielies 1,051 miljoen hektaar. Die produksieskatting vir witmielies is 6,880 miljoen ton, terwyl die opbrengs 5,43 t/ha is. In die geval van geelmielies, is die produksieskatting 6,327 miljoen ton en die opbrengs is 6,02 t/ha. Geelmielies groei steeds aansienlik weens die toename in die vraag na veevoere.

Volgens die Nasionale Oesskattingkomitee (NOK) vir die 2018/2019 seisoen, sal die verwagte kommersiële mielieoes 13,207 miljoen ton wees.

Die totale vraag na witmielies en geelmielies, beide plaaslik en vir uitvoer, word onderskeidelik op 7,439 miljoen ton en 5,864 miljoen ton geskat. Totale mielie eindvoorraadvlakke vir 30 April 2018 word op 3,381 miljoen ton geskat.

Daar word voorspel dat die produksie van geelmielies op die langtermyn sal bly styg ten koste van witmielies. Daar word ook verwag dat witmielie uitvoere sal afneem, met Suid-Afrika wat in kompetisie is met Zambië vir invoerlande in Suider-Afrika; Zambië het gunstige toestande vir produksie en logistiek.

Daar word geskat dat jaarlikse mieliepryse verder sal beweeg van uitvoerpariteitsvlakke, maar onder invoerpariteit sal bly en steeds beïnvloed sal word deur huishoudelike vraag en aanbod.

Artikel verskaf deur Ikageng Maluleke, Junior Ekonoom, Graan SA. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na ikageng@grainsa.co.za.



Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

*Communication – the human connection
– is the key to personal and career success.*

~ Paul J. Meyer

HIERDIE PUBLIKASIE
IS MOONTLIK GEMAAK
DEUR DIE BYDRAE VAN
DIE MIELIETRUST